

HUPPEL TRIPPEL KLUB SLUIT AF MET 'N KERSPROGRAM

Op 7 Desember het die Huppel Trippelklub op Heilbron 'n gesellige Kersete gehad. Ds. Braam van Zyl, van die NGK Heilbron Moedergemeente, het 'n kort, treffende boodskap aan die lede en gaste gelewer. "Ek glo ..." was die tema van sy boodskap en sy wens aan elkeen wat die geselligheid bygewoon het, was dat hulle hierdie Kerstyd opnuut geloof in die volle Kersverhaal sal hê. Op 13 Desember het die klub ook die jaar met hul Kersprogram afgesluit. Liedjies waarmee almal grootgeword het, is luidkeels gesing en alhoewel 'n paar nostalgiese trane weggepink is, is Christus is uit die hart geloof. Elza Kriel het die klublede met heerlike eetgoed bederf en die bestuur wil van die geleentheid gebruik maak om haar hartlik daarvoor te bedank.



MEMORIUM

* 16.12.1984
† 22.08.2008

Lizé-Mari Els



'N GELEENDE KIND

"Ek sal aan jou vir 'n kort tydjie één van my "kinders" leen, het God gesê. Om haar lief te hê, solank sy "lewe" en te "rou" wanneer sy dood is. Miskien is dit vir 3 of 14 jaar of 23 of 27 jaar... maar, sal jy totdat Ek haar "terug roep", haar mooi "oppas" vir My? Sy sal vir jou "geluk" bring en as haar bly by jou van korte duur is, sal daar vir jou "mooi herinneringe" wees, as "troos" in jou hartseer. Ek kan nie vir jou "belowe" dat sy lank sal "bly" nie, "want" almal moet van die aarde "terugkeer", maar daar is "waarhede" op die aarde, wat hierdie "kind" van My moet leer. Die wêreld deur het Ek gesoek na 'n "ware, opregte" Leermeester en uit die menigte, wat in die "lewensry" was - het Ek jou "uitverkies" om asseblief vir "haar" al jou "liefde" te gee, én moenie my "haat" as Ek haar kom haal om terug te kom na My toe nie. Ek verbeel My dat Ek jou hoor sê: "Liewe Heer" - U wil geskied, vir al die "Liefde en Vreugde" wat U kind my sal bied, sal ek die risiko van "hartseer", wat kom, aanvaar, ek sal "haar" met "teerheid" bewaar. Ek sal haar "liefhê, solank ek mag. En, vir al die "geluk" wat ons saam mag ken, sal ek vir "Ewig Dankbaar" bly! As U "Engele" haar kom haal, gouer as wat ek beplan het, sal ek "moedig" die "droefheid" Dra en "Probeer verstaan"

FEESTYD VIR NGWATHE-AMPTENARE

Die volgende skrywe is ontvang van Gerald Rademeyer van Heilbron, gerig aan die Redakteur.

Baie dankie aan die Heilbron BoereTreat vir die skenking waarmee arbeid gehuur kon word vir die herstel van slaggate in Piercestraat, asook die persone in beheer van die herstel daarvan.

Dankie ook aan die munisipaliteit wat sakkies teer geskenk het, wat egter die volgende vraag by my laat ontstaan het: Waarom is die kontrakwerkers wat deur die munisipaliteit ingehuur was en waarvan die kontrakte verstryk het, nie gebruik om die slaggate reg te maak nie? Die tuine en parke is nie skoongemaak terwyl hulle in diens van die munisipaliteit was nie. So die vraag bly: Wat het hulle gedoen terwyl hulle in diens van die munisipaliteit was? Is dit waarheen al ons geld verdwyn - na salarisse van werkers wat nie hul werk doen nie?

Ek wil graag vir die amptenary 'n geseënde Feestyd toewens en ek hoop julle rus goed, want dit moet regtig uitputtend wees om te sien hoe alles rondom jou ten gronde gaan.

Aangeheg is 'n kersboom, spesiaal vir julle, aangebring in een van die menige onvoltooide slaggate hier in Heilbron. Let asseblief daarop: die boom is kaal. Daar is geen geskenke nie aangesien julle reeds dwarsdeur die jaar maandeliks geskenke gekry het, in die vorm van groot salarisse, onverdiend.

Heilbron BoereTreat het die donasie om arbeiders te huur, gemaak.



TE KOOP

MITSUBISHI COLT CLUBCAB BAKKIE

2008 Model, 2.8 Turbo Diesel.
Een eienaar, goed versorg.
Met bagasiekaste agterin.
Oorspronklike seiltjie vir bak, nie gebruik.

Prys R70 000

Kontak Tom Watson
Sel: 083 644 0094
Heilbron



<p>POSITION TITLE</p>	<p>Accountant, Pakworks (Pty) Ltd</p>
<p>MAIN PURPOSE OF ROLE AND GENERAL ROLE EXPECTATIONS</p>	<p>Pakworks is an industrial food processor in South Africa that manufactures snacks for blue chip companies.</p> <p>The position will report to the Financial Manager and will involve several primary functions:</p> <ol style="list-style-type: none"> 1. Ensure that financial and relevant policies, procedures and standards for the business are implemented. 2. Ensure the optimization of financial systems. 3. Drafting and interpretation of management reports, budgets and future estimates. 4. Financial and strategic analysis and advice to the business. 5. Drafting of operational business cases. 6. Ensure accountability for responsible Capital Spending. 7. Identify and adjudicate on all possible losses and risk areas where losses may occur. 8. The candidate will be a member of the management team.
<p>LOCATION</p>	<p>The position will be based in Heilbron, South Africa.</p>
<p>REQUIRED MINIMUM EDUCATION/TRAINING</p>	<p>Business / Financial degree or equivalent. A post graduate business qualification would be a strong advantage.</p>
<p>REQUIRED MINIMUM WORK EXPERIENCE</p>	<ul style="list-style-type: none"> • Minimum 3 years' financial management and/or business experience. • Knowledge and application of the monthly and annual reporting per relevant accounting standards. • Good communication skills. • Planning and organizing skills. • Ability to analyse and interpret information. • Ability to adhere to tight deadlines. • Ability to manage a team to ensure optimal performance. • Intermediate Management Accounting experience
<p>KEY PERFORMANCE AREAS</p>	<ul style="list-style-type: none"> • Ensure timeous and accurate consolidated reporting and analysis of financial performance to assist management to make strategic decisions. • Ensure adherence to Corporate Governance.
<p>TECHNICAL KNOWLEDGE / COMPETENCIES</p>	<ul style="list-style-type: none"> • Strong proficiency in Microsoft applications Excel, PowerPoint and Word • Pastel Partner work experience • Knowledge of IFRS and regulatory requirements • Excellent verbal and written communication skills.
<p>BEHAVIOURAL COMPETENCIES</p>	<ul style="list-style-type: none"> • Highly motivated and results orientated • Team player / positive attitude • Live the Company's values

Closing date: 6 January 2023.
Forward comprehensive CV to the Human Resources Manager – Riana Greyling
Tel: 058 852 3068 E-Mail: riana@pakworks.co.za